**No. 381** **10 March 1989**

CLOSING OF THE OLD KURUMAN PRISON

The Minister of Justice has been pleased to approve the closing of the old prison at Kuruman (situated on Lot 43) on 4 December 1987.

**No. 381** **10 Maart 1989**

SLUITING VAN DIE OU KURUMANGEVANGENIS

Dit het die Minister van Justisie behaag om sy goedkeuring te heg aan die sluiting van die ou gevangenis te Kuruman (geleë of Erf 43) op 4 Desember 1987.

# DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

**No. 390** **10 March 1989**

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSES OF A TOWNSHIP

The acting State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 68,5348 hectares in extent, situated on the farm Grootfontein 165 IR, District of Nigel, Mining District of Heidelberg, Province of the Transvaal, registered in the name of Leslie Linden de Lange and shown on a sketch plan, copies of which are filed under RMT R70/88 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Heidelberg.

(19/5/1/2647)

# DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

**No. 390** **10 Maart 1989**

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die waarnemende Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 68,5348 hektaar groot, geleë op die plaas Grootfontein 165 IR, distrik Nigel, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Leslie Linden de Lange en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R70/88 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/2647)

# DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 382** **10 March 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF PROPERTIES TO BE NATIONAL MONUMENTS

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Frederik Willem de Klerk, Minister of National Education, hereby declare the properties as fully described in the Schedule hereto to be national monuments.

**SCHEDULE**

1. THE UNION MASONIC TEMPLE, SITUATED AT 4 FREESTATE ROAD, KIMBERLEY.

*Description*

The property together with the so-called Union Masonic Temple thereon, being certain Erf 1895, Kimberley, situated in the Municipality of the City of Kimberley, Division of Kimberley, in extent 426 (four hundred and twenty-six) square metres.

Deed of Transfer T637/1988, dated 11 May 1988.

2. THE SITE WITH THE SAMMY MARKS HOUSE, THE OUTBUILDINGS AND THE OTHER HISTORICAL STRUCTURES THEREON, SITUATED ON A PORTION OF THE FARM ZWARTKOPPIES 364 JR, DISTRICT OF PRETORIA.

*Description*

The site with the so-called Zwartkoppies Hall, its cellar and outbuildings (now known as the Sammy Marks Museum), Jill's Cottage, Swallow Cottage, the farm manager's house, Dairy Cottage, Pott's Cottage, the building with horse stables, coach-house and loft, the double storeyed building with the cow-shed and loft, the single storeyed cow-shed, the two silos, the cattle-dip,

# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 382** **10 Maart 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN EIENDOMME TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Frederik Willem de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendomme in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardighede.

**BYLAE**

1. DIE UNION MASONIC TEMPLE, GELEË TE FREESTATEWEG 4, KIMBERLEY.

*Beskrywing*

Die eiendom tesame met die sogenaamde Union Masonic Temple daarop, synde sekere Erf 1895, Kimberley, geleë in die munisipaliteit van die stad Kimberley, afdeling Kimberley, en groot 426 (vierhonderd ses-en-twintig) vierkante meter.

Transportakte T637/1988, gedateer 11 Mei 1988.

2. DIE TERREIN MET DIE SAMMY MARKS-HUIS, DIE BUITEGEBOUE EN DIE ANDER HISTORIESE STRUKTURE DAAROP, GELEE OP 'N GEDEELTE VAN DIE PLAAS ZWARTKOPPIES 364 JR, DISTRIK PRETORIA.

*Beskrywing*

Die terrein met die sogenaamde Zwartkoppies Hall, sy kelder en buitegeboue (nou bekend as die Sammy Marksmuseum), Jill's Cottage, Swallow Cottage, die plaasbestuurderswoning, Dairy Cottage, Pott's Cottage, die gebou met die perdestalle, koetshuis en solder, die dubbelverdiepinggebou met koeistal en solder, die enkelverdiepingkoeistal, die twee voertorings, die bees-

and the portion of the old water canal and the dams thereon, being 21,6067 hectares of land, described as the Figure A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U on Survey Diagram SG A 2276/88, dated 26 July 1987, filed in the Office of the Surveyor-General, Pretoria, and on File 2/T/Pre/34 in the Office of the National Monuments Council at Cape Town.

Deed of Transfer 221/1884, dated 25 March 1884.

3. THE MUSEUM BUILDING AND CELLS SITUATED IN MARKET STREET, PORTERVILLE.

*Description*

The property together with the museum building and cells thereon, described as a portion of a certain piece of land, situated in the town of Porterville, Division of Piquetberg, marked No. 4 in Block T of the General Plan (now known as portion of Erf 1198, Porterville).

Deed of Transfer T575/1882, dated 28 September 1882.

4. STONEHENGE, SITUATED AT 26 MAIN ROAD, ST JAMES.

*Description*

The property known as Stonehenge, inclusive of the double-storeyed building thereon, being certain piece of redeemed quitrent land, situate in the City of Cape Town, Cape Division, being the remainder of Erf 88271, Cape Town, at St James, in extent 1 364 (one thousand three hundred and sixty-four) square metres.

Deed of Transfer T36457/1980, dated 30 September 1980.

5. THE SO-CALLED LANGLAAGTE DEEP VILLAGE, SITUATED ON PORTIONS 11 AND 142 OF THE FARM LANGLAAGTE 224, REGISTRATION DIVISION IQ, JOHANNESBURG.

*Description*

The so-called Langlaagte Deep Village National Monument Site, situate on portions of the Remainder of Portions 11 and 142 of the farm Langlaagte 224, Registration Division IQ, Province of the Transvaal, and indicated as the Figures A.a.b.H.J.K.L.M.N.P.Q. and a.B.C.D.E.F.G.b on Survey Diagram SG A3834/88, dated 17 July 1988, filed in the Office of the Surveyor-General in Johannesburg and on File 3/T/Joh/40 in the Office of the National Monuments Council at Cape Town.

Deeds of Transfer T38604/1968, dated 31 October 1968, and T34242/1985, dated 27 September 1985.

6. THE ORIGINAL PORTION OF THE VICTORIAN MANOR-HOUSE, SITUATED AT 59 MUSGRAVE ROAD, DURBAN.

*Description*

The original portion of the Victorian manor-house, together with the front garden bordered by Musgrave Road, situate on a portion of Subdivision 1 of Lot Kearney, Block B, of the Town Lands of Durban 1737, in the City of Durban, Administrative District of Natal.

Deed of Transfer T29600/1984, dated 19 December 1984.

F. W. DE KLERK,
Minister of National Education.

dip en die gedeelte van die ou waterkanaal en die damme daarop, synde 21,6067 hektaar grond, beskryf as die Figuur A B C D E F G H J K L M N P Q R S T U op Landmeterskaart LG A 2276/88, gedateer 26 Julie 1987, geliasseer in die kantoor van die Landmeter-generaal, Pretoria, en op Lêer 2/T/Pre/34 in die kantoor van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te Kaapstad.

Transportakte 221/1884, gedateer 25 Maart 1884.

3. DIE MUSEUMGEBOU EN SELLE GELEË IN MARKSTRAAT, PORTERVILLE.

*Beskrywing*

Die eiendom tesame met die museumgebou en selle daarop, beskryf as 'n gedeelte van sekere stuk grond, geleë in die dorp Porterville, afdeling Piketberg, gemerk No. 4 in Blok T van die Algemene Plan (nou bekend as 'n gedeelte van Erf 1198, Porterville).

Transportakte T575/1882, gedateer 28 September 1882.

4. STONEHENGE, GELEË TE HOOFWEG 26, ST JAMES.

*Beskrywing*

Die eiendom bekend as Stonehenge, met inbegrip van die dubbelverdiepinggebou daarop, synde sekere stuk afgeskafte erfpaggrond, geleë in die stad Kaapstad, Kaapse Afdeling, synde die restant van Erf 88271, Kaapstad te St James, en groot 1 364 (eenduisend driehonderd vier-en-sestig) vierkante meter.

Transportakte T36457/1980, gedateer 30 September 1980.

5. DIE SOGENAAMDE LANGLAAGTE DEEP VILLAGE, GELEË OP GEDEELTES 11 EN 142 VAN DIPE PLAAS LANGLAAGTE 224, REGISTRASIEAFDELING IQ, JOHANNESBURG.

*Beskrywing*

Die sogenaamde Langlaagte Deep Village Nasionale Gedenkwaardigheidsterrein, geleë op gedeeltes van die Restant van Gedeeltes 11 en 142 van die plaas Langlaagte 224, Registrasie-afdeling IQ, provinsie Transvaal, en getoon as Figure A.a.b.H.J.K.L.M.N.P.Q en a.B.C.D.E.F.G.b op Landmeterskaart LG A 3834/88, gedateer 17 Julie 1988, geliasseer in die kantoor van die Landmeter-generaal te Johannesburg en op Lêer 3/T/Joh/40 in die kantoor van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede te Kaapstad.

Transportaktes T38604/1968, gedateer 31 Oktober 1968, en T34242/1985, gedateer 27 September 1985.

6. DIE OORSPRONKLIKE GEDEELTE VAN DIE VICTORIAANSE HEREHUIS, GELEË TE MUSGRAVEWEG 59, DURBAN.

*Beskrywing*

Die oorspronklike gedeelte van die Victoriaanse herehuis, tesame met die voortuin begrens deur Musgraveweg, geleë op 'n gedeelte van Onderverdeling 1 van Perseel Kearney, Blok B, van die dorpsgrond van Durban 1737, in die stad Durban, administratiewe distrik Natal.

Transportakte T29600/1984, gedateer 19 Desember 1984.

F. W. DE KLERK,
Minister van Nasionale Opvoeding.